

-

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)

(Saak Nr.: 2590/2002)

Aansoek Nr.: 3414/2002

In die Aansoek tussen:

ELIZABETH CATHARINA VAN EEDEN

1ste Applikante

HERMANUS JOHANNES MOOLMAN

2de Applikant

en

IZABEL ENGELBRECH

Respondente

In die aansoek van:

JACOBUS HENDRIKUS JANSE VAN RENSBURG N.O.

1ste Tussentreder

PHILIP FOURIE N.O.

2de Tussentreder

JACOB LUCIEN LUBISI N.O.

3de Tussentreder

LILY MAMPINA MALATSI-TEFFO N.O.

4de Tussentreder

en

-

ELIZABETH CATHARINA VAN EEDEN

1ste Applikante

HERMANUS JOHANNES MOOLMAN

2de Applikant

en

CORAM: HANCKE, R

AANGEHOOR OP: 26 NOVEMBER 2002

UITSPRAAK DEUR: HANCKE, R

GELEWER OP: 3 DESEMBER 2002

Hierdie is die uitgestelde keerdag van 'n voorlopige sekwestrasiebevel. Die vraag wat nou ontstaan is of die applikante aan die bepalings van artikel 12 van die Insolvensiewet, Nr. 24 van 1936 (soos gewysig) voldoen het, wat soos volg lui:

"12. Finale sekwestrasie of afwysing van versoek om sekwestrasie. -

(1) As die hof by die verhoor na aanleiding van voormelde bevel *nisi* oortuig is dat -

(a) die petisionerende skuldeiser 'n vordering soas bedoel in sub-artikel (1) van artikel *nege* teen die skuldenaar bewys het; en

(b) die skuldenaar 'n daad van insolvensie begaan het of insolvent is; en

(c) daar rede bestaan om aan te neem dat dit tot voordeel van skuldeisers van die skuldenaar sal strek as sy boedel gesekwestreer word,

dan kan die hof die skuldenaar se boedel sekwestreer.

(2) As die hof by bedoelde verhoor nie soas voormeld oortuig is nie, dan wys hy die versoek tot sekwestrasie van die skuldenaar se boedel af en vernietig die order van voorlopige sekwestrasie of vereis verdere bewys van die bewerings wat die versoek bevat en stel die verhoor vir 'n redelike termyn uit, maar nie *sine die* nie."

Artikel 9 verwys na artikel 12(1)(a) lui soos volg:

"9 Versoek tot sekwestrasie van boedel. -

(1) 'n Skuldeiser (of sy verteenwoordiger) wat 'n gelikwideerde vordering van nie minder as vyftig pond of twee of meer skuldeisers (of hulle verteenwoordiger) wat gesamentlik gelikwideerde vorderings van nie minder as honderd pond het teen 'n skuldenaar wat 'n daad van insolvensie begaan het of insolvent is, kan die hof versoek om die sekwestrasie van die boedel van die skuldenaar.

(2) 'n Gelikwideerde vordering wat ontstaan het maar wat nog nie invorderbaar is nie op die dag van verhoor van die versoek, word by die toepassing van sub-artikel (1) as 'n gelikwideerde vordering aangemerkt.

(3)"

Die Hof moet "oortuig" wees dat aan al drie vereistes voldoen is, alvorens dit 'n diskresie het om die bevel finaal te maak. Waar die applikante op omstandighedsgetuienis steun, kan die bewyslas gekwyd word indien hulle die Hof kan oortuig dat die afleiding wat hulle voorstaan die mees voor-die-hand-liggende en aanvaarbare afleiding is van 'n aantal moontlike afleidings. **AA ONDERLINGE ASSURANSIE-ASSOSIASIE BPK v DE BEER 1982 (2) SA 603 (A) te 614H.**

'n Vordering van meer as R200,00.

Die eerste vraag is of daar genoeg feite op rekord geplaas is om hierdie Hof te

oortuig dat die applikante die vereiste gelikwideerde vordering hierbo na verwys, aangetoon het.

Die advokate wat namens die onderskeie partye opgetree het, was dit *ad idem* dat die feite soos blyk uit die twee tussenbeitredende aansoeke van J.A.J. van Rensburg NO (saaknommer 3414/2002) en C.S. Edeling NO (saaknommer 2878/2002) ook vir doeleindes van die beregting van die huidige aansoek in ag geneem behoort te word. Na my mening blyk dit die korrekte benadering te wees. Die sake van **FULLARD v FULLARD 1979 (1) SA 368 (T) te 372A-D; UYS AND ANOTHER v DU PLESSIS (FERREIRA INTERVENING) 2001 (3) SA 250 (K) te 252D-C** is gesag dat 'n tussenbeitredende skuldeiser kan steun op 'n voorafgegaande aansoek om sekwestrasie. Na my mening behoort die teenoorgestelde ook te geld, naamlik dat 'n aansoekdoener kan steun op feite vermeld in latere tussenbeitredende aansoeke, solank die respondent geleentheid gehad het om op hierdie bewerings te antwoord en natuurlik ook op sodanige feite kan steun. Dit moet egter gemeld word dat respondente beswaar maak teen die toelaatbaarheid van die inhoud van 'n verslag in die aansoek van Edeling. Aangesien 'n beslissing van hierdie beswaar eers tydens latere verrigtinge nodig mag wees, en tans nog nie geargumenteer is nie, word hierdie verslag nie in ag geneem vir doeleindes van die beslegting van die huidige geskilpunte nie. Origens word die inhoud van die feite in ag geneem op die basis hierbo aangetoon.

Die huidige vraag onder bespreking is tweërlei van aard, naamlik wat is die omvang van applikante se vordering, en indien meer as R200,00 (100 pond), of hulle hoegenaamd 'n vordering teen die respondente het. Wat eerste applikante betref, beweer sy dat haar belegging 'n bedrag van R372 000,00 beloop. Respondente erken dat eerste applikante R65 000,00 belê het by M.P. Finance, synde een van die voorgangers van Krion, en waarop sy minstens 1% kommissie sou verdien het, maar beweer dat tweede applikant meer ontvang het as wat hy belê het. Laasgenoemde word nie gestaaf deur die bron-dokumente nie, maar is 'n belissing hieroor nie nodig, in die lig van respondente se erkenning wat daarop neerkom dat die bepalings van artikel 10(1)(a), saamgelees met artikel 8, na my mening bevredig is ten opsigte van die *quantum* van die eis wat meer as R200,00 moet beloop, in die geval van meer as een applikant.

Die vraag of respondente, wat as agent opgetree het, teenoor enige van die applikante vir ten minste gemelde bedrag persoonlik aanspreeklik is, moet beantwoord word in die lig van die geskiedenis van hierdie skema soos blyk uit al die stukke. In die applikante se aansoek word daarop gesteun dat dit 'n

piramiede-skema is wat onwettig was van die begin af, dat respondente 'n integrale deel was van hierdie skema en te alle tye kennis gedra het van die wyse waarop beleggings gedoen was, asook die feit dat die skema gebruik gemaak het van verskillende entiteite.

As deel van die applikante se aansoek word aangeheg 'n eedsverklaring wat respondente by 'n ander geleentheid gemaak het, die inhoud waarvan nie in geskil geplaas word deur die respondente nie, dat hulle as agente opdrag gehad het van die sentrale persoon in hierdie skema, naamlik mev. Marietjie Prinsloo, om beleggers mee te deel dat die opbrengs wat hulle kry dividende is wat gebruik sal word deur 'n mikro-leningsbedryf wat dit teen 30% per maand sou belê. Mev. Prinsloo het egter nooit te kenne gegee wie die skema se kliënte aan die uitleen kant was nie. Respondente kan dus nie "bevestig" dat enige van die entiteite enige besigheid bedryf het, of enige gelde aan ander besighede uitgeleen het nie. Die enigste aktiwiteite waarvan sy kennis dra is die werwing van beleggingsfondse by lede van die publiek om in die skema te plaas, en die administrasie daarvan. Die besigheid, of skema, het begin met die gebruik van die naam M.P. Finance Consultants BK, maar toe die Reserwebank ondersoek ingestel het, is die dokumente gewysig om aan te toon dat Madikor nou die beleggings doen, waarna dit die beurt van Martburt Financial Services (Edms) Beperk geword het en toe MNB, daarna weer Martburt, en uiteindelik Krion.

Respondente meld verder dat met die naamsveranderings van die skema, het die situasie telkens ontstaan waar nuwe beleggings geneem is dat die nuwe entiteit, daardie geld te gebruik het om die rente te betaal van die vorige entiteite. Alles was net name om die skema te bedryf. Uit respondente se eie kennis as "front direkteur" van Madikor, en sy aanvaar dat die ander direkteure van die ander entiteite ook maar net fronte was wat gebruik is vir Prinsloo se skema. Sy sê ook die beleggings- en rentebetelings was meestal in kontant. Die hoeveelhede kontant het al hoe meer en meer geword, totdat dit naderhand problematies geword het om soveel kontant fisies te hanteer.

In haar opponerende eedsverklaring beweer respondente dat sy in Maart 2002 agterdogtig geraak het ten opsigte van die wettigheid van die skema omdat Prinsloo voortdurend deur die ouditeursfirma PWC namens die Reserwebank ondersoek is. Na Januarie 2002 het sy geen verdere kommissie ontvang nie en het sy op 17 Mei 2002 die laaste geld oorbetal. Sy gee toe "dat dit nou blyk dat Prinsloo se skema onwettig was". Volgens respondente het haar kommissie die afgelope belastingjaar ongeveer R2-miljoen beloop.

Ook in hierdie verband is dit van belang dat die eerste tussenbeitredende skuldeiser in sy eedsverklaring beweer dat 'n agent 1% per maand kommissie verdien het op die bedrag van die beleggings wat gewerf is. Respondente wat familie was van Prinsloo, het egter 'n eenmalige kommissie van 10% gekry. Die eerste tussenbeitredende skuldeiser wys ook daarop dat die entiteit MP Finance, hierbo na verwys, strydig met die Bankwet Nr.94 van 1990 opgetree het en omdat dit 'n onwettige skema was, is sy aktiwiteite gestop. Dit is belangrik om daarop te let dat beide applikante reeds hulle belegging in hierdie entiteit gemaak het. Daarna het Madikor 20 (Edms) Beperk voortgegaan met die skema, maar het dieselfde lot ook hierdie maatskappy getref. Dit is gevolg deur Martburt Finansiële dienste Beperk, toe MNB en uiteindelik Krion Financial Services Beperk, synde 'n openbare maatskappy.

Volgens die eerste tussenbeitredende skuldeiser, synde die voorlopige likwidateur van Krion, wat op 5 Junie 2002 voorlopige gelikwideer is, het daar 'n insolvensie-ondervraging plaasgevind en volgens die getuienis van Prinsloo, waarvan 'n transkripsie beskikbaar was, is ouer beleggers betaal uit die fondse verkry van latere beleggers. Indien beleggers onmiddellik hulle vorderings opgevorder het, sou die skema alreeds twee jaar vantevore gelikwideer gewees het, aangesien die voorwaardelike laste dan reeds die beskikbare fondse sou oorskry het. Volgens Van Rensburg was die skema onwettig gewees, omdat die mikro-leningsbedryf slegs 2% van die totale fondse wat belê is by die skema, verteenwoordig het. Dit blyk uit die stukke dat daar geen onderliggende of volhoubare besigheid was om die beloofde opbrengs te verseker nie.

Die verkryging van beleggings in die skema is verkry deur middel van wanvoorstelling aan die publiek dat die beleggings aangewend sou word in die mikro-leningsbedryf deur 30% per maand opbrengs te verkry waarvan die belegger 10% sou kry. Hierdie wanvoorstelling was vals en het bedrog daargestel. Die skema en die entiteit wat vir daardie doel gebruik is, was nooit geregistreer in terme van die Bankwet Nr.94 van 1990 ten einde deposito's van die publiek te verkry strydig met artikel 10 van gemelde Wet, wat 'n misdryf daargestel het. Die skema was 'n onwettige skema ingevolge die bepalings van die Wet op Verbruikersake (Onbillike sakepraktyke), Wet 71 van 1988 en is dit strydig met Regulasie R11134 van 1999, gepromulgeer ingevolge artikel 16 van gemelde Wet. Verder het die sogenaamde "dividende" wat betaalbaar was aan beleggers 'n rentekoers daargestel wat die bepalings van die Woekerwet, Nr.73 van 1968 oorskry het. Uit die stukke blyk dit dus dat die skema 'n onwettige skema daargestel het en dat alle ooreenkomste wat aangegaan is, tussen die beleggers en die agente, onwettige ooreenkomste daargestel het wat nietig was.

Die feite dui verder oorweldigend daarop dat die respondente beleggings vir die skema, en later subskripsies vir aandele in Krion, gewerf het en dat sodanige beleggers uitgenooi was om hulle geld in die skema te belê en later aandele by Krion te koop. Sy het uitdruklik, of ten minste by implikasie, te kenne gegee dat die skema finansiëel gesond was, wat 'n foutiewe voorstelling van die feite was ten opsigte van die oorsprong van waar die rentebetalings vandaan gekom het, die finansiële volhoubaarheid van die skema asook die wettigheid daarvan. Sy het ook nie slegs fondse gewerf nie, maar was ook betrokke by die administratiewe prosesse van die skema en as sulks moes sy kennis gehad het van die ware feite onderliggend tot die skema, welke kennis minstens tot haar moes deurgedring het toe die Reserwebank ondersoek ingestel het na die eerste entiteit in die skema wat gebruik is, naamlik M.P. Finance en welke entiteit se aktiwiteite gestop is. Indien sy nie toe al oor daardie kennis beskik het nie, het sy roekeloos opgetree ten opsigte van die feite en die regsimplikasies daarvan. Sy het op die beste vir haarself, haarself weerhou om ondersoek in te stel na die ware feite wat betrekking op die skema gehad het en was dus wetend 'n party tot 'n skema wat op 'n roekelose wyse funksioneer het.

Die eerste tussenbeitredende skuldeiser vra dan ook dat die respondente persoonlik aanspreeklik gehou moet word vir die skulde van die skema ingevolge die bepalings van artikel 424 van die Maatskappyyewet, Nr. 61 van 1973 en artikel 64 van die Wet op Beslote Korporasies Nr. 69 van 1984. Volgens die dokumentasie word die respondente aangegee as 'n direkteur van Krion Financial Services Beperk en Madikor 20 (Edms) Beperk. Respondente se antwoord hierop dat die "I Engelbrecht" wat op Martburt se briefhoof as direkteur aangegee word, 'n ander Engelbrecht as syself was! Dit kan net nie waar wees nie.

Wat die aanspreeklikheid van 'n agent vir wanvoorstelling is, word in **STAINER AND OTHERS v PALMER-PILGRIM 1982 (4) SA 205 (O)** deur De Wet, R op **211D-E** die volgende verklaar:

"It is quite clear that the fact that defendant was acting in his capacity as agent or servant of a company can still make him personally liable for fraudulent non-disclosure of an existing fact to a third party. An agent who commits a delict or procures its commission is personally liable at the suit of the injured party even though he was at the time acting as agent for another."

In **The Law of Contract in South Africa** (4de Uitg deur R.H. Christie) word op

p.315 die volgende in hierdie verband verklaar:

"It is equally clear that a fraudulent agent is personally liable for his fraudulent misrepresentation or non-disclosure. His liability to the third party will be in delict, and if the third party claims in contract against the principal the principal and the agent cannot be treated as joint wrongdoers and cannot be jointly and severally liable. It is not necessary, however, for the third party to excuss the principal before proceeding against the agent, but the court can frame its order in such a way that the third party is not overcompensated by recovering the same loss from both defendants."

Na my mening is die feite, in die totaliteit geoordeel, genoegsaam om deliktuele aanspreeklikheid aan die kant van respondente, as agent, teenoor applikante daar te stel.

Mnr. Van Zyl het namens die applikante betoog dat aangesien die skema onwettig was, alle ooreenkomste in verband daarmee nietig was en dat daar wedersydse restitusie moet plaasvind, op die basis dat elke party wat hy of sy betaal het geregtig is op terugbetaling van sodanige bedrae. Aangesien applikante se kommissie wat hulle aan respondente betaal het gesamentlik meer as R200,00 beloop, het applikante voldoen aan hierdie eerste vereiste, soos gestel deur artikel 10(1)(a), saamgelees met artikel 8 van die Insolvensiewet. In hierdie verband het by veral gesteun op die onlangse beslissing van **FIRST NATIONAL BANK OF SOUTH AFRICA LTD v PERRY NO AND OTHERS 2001 (3) SA 960 (HHA)** waar die Appèlhof by monde van Schutz, AR op **970A-D** die volgende verklaar:

"But to return to the problem, whether for the *condictio ob turpem causam* to apply the defendant must have knowledge at the time that he acquires the tainted thing, or whether subsequently acquired knowledge might suffice, I think that the *Digest* provides an appropriate point of departure. Book 12 title 5 is devoted to this *condictio*. D 12.5.6 in the *Watson* edition attributes the following to Ulpian:

"*Sabinus* always said the early jurists were right in holding that the *condictio* would go for anything in someone's hands on an unlawful basis. *Celsus* shares that view."

What is translated as 'on an unlawful basis' reads '*ex iniusta causa*' in the original, and is translated by *Scott* as 'illegally' and by *Monro* as 'on grounds insufficient in law'.

This passage, to my mind, supplies the missing link. It is not only the person who receives with knowledge of illegality but also one who learns of it while he is still in possession. This does not mean that he is treated as liable for a delict as, among other things, his liability is limited to his enrichment, that is if he is enriched at all."

In gemelde saak word ook met goedkeuring aangehaal uit 'n passasie van Van den Heever, R in **PUCJLOWSKI v JOHNSTON'S EXECUTORS 1946 WLD 1 op 6**, waar verwys word na die oogmerk van die *condictio*, as synde:

"..... the recovery of property in which ownership has been transferred pursuant to a juristic act which was *ab initio* unenforceable or has subsequently become inoperative (*causa non secuta; cause finita*)."

Met verwysing na bogemelde beslissing word in **FIRST NATIONAL BANK OF SOUTHERN AFRICA LTD v PERRY NO AND OTHERS (supra)** soos volg voortgegaan op **970F-H**:

"The learned Judge proceeds to rely also on D 12.6.66. Book 12 title 6 deals with the *condictio indebiti*. The paragraph in question (66) is cited as reflecting the opinion of *Papinian*, referred to by Justinian himself in his introduction to the *Digest (De Conceptione Digestorum - The Composition of the Digest)* as *splendidissimi Papiniani*, that man *summi ingenii*. The paragraph reads in the words of the *Watson* edition:

"This *condictio*, grounded in the idea of what is good and fair, has become the means of reclaiming whatever belonging to one in the absence of good cause is found in the hands of another.""

Ten opsigte van die uitbreiding van die bestaande verrykingsaksies, word in gemelde saak die volgende op **971D-E** verklaar:

".... this is a case in which we may and should extend the operation of the *condictio* in order to cope with modern conditions."

Dit volg dus uit die voorgaande dat respondente deliktueel en op grond van verryking aanspreeklik is teenoor applikante vir die terugbetaling van die kommissie wat sy op beleggings van applikante verdien het.

In die lig van die voorgaande is ek tevrede dat applikante wel 'n vordering bewys het soos vereis deur artikel 12(1)(a) van die Insolvensiewet.

'n Daad van Insolvensie of daadwerklike insolvensie.

Die tweede vraag is of applikante aangetoon het dat die respondente "'n daad van insolvensie begaan het of insolvent" is, soos bedoel in artikel 12(1)(b) van die Insolvensiewet?

In die applikante se funderende eedsverklaring word gesteun op dade van insolvensie ingevolge artikels 8(a) en (c), en verder dat respondente nie in staat is om haar skulde te betaal nie, dit wil sê daadwerklike insolvensie. Volgens artikel 8(a) begaan 'n skuldenaar 'n daad van insolvensie as

"hy (of sy) die Republiek verlaat of as hy (of sy) buite die Republiek is en daaruit wegbly, of as hy (of sy) van sy woning vertrek of andersins weggaan met die bedoeling om daardeur die betaling van sy (haar) skulde te ontduik of te vertraag."

Daar bestaan 'n hewige feitegeskil oor hierdie aspek aangesien respondente 'n lang verduideliking gee waarom applikante nie in staat was om met haar in verbinding te tree nie. Hierdie feitedispuut is nie op die stukke beregbaar nie en is dit nie nodig om verder na die besonderhede daarvan te verwys nie.

Artikel 8(c) maak voorsiening vir 'n daad van insolvensie as 'n skuldenaar haar

"goed op so 'n wyse vervreem of poog te vervreem dat haar skuldeisers daardeur benadeel word of sou word of aan een skuldeiser daardeur bo 'n ander

voorkeur verleen word of sou word."

Volgens respondente besit sy slegs twee bates te wete 'n Audi TT motorvoertuig en 'n duinebesie. Dit blyk egter dat respondente en haar eggenoot in 'n tydperk van ongeveer ses maande onroerende eiendom van meer as R9-miljoen aangekoop het. Respondente beweer dat hierdie bates aangekoop is by wyse van lenings wat die respondente en haar eggenoot aan sekere trusts sou gemaak het. Volgens Van Rensburg, die eerste tussenbeitredende skuldeiser, het respondente sowat R25-miljoen vanaf die skema ontvang. Verdere aankope wat gemaak is beloop sowat

R3,9-miljoen, wat bestaan uit spilpunte ter waarde van ongeveer R1-miljoen, 'n Mercedes Benz vragmotor ter waarde van ongeveer R800 000,00 en 'n helikopter ter waarde van ongeveer R2,1-miljoen. In die omstandighede is die mees voor-die-hand-liggende afleiding dat respondente goedere op so 'n wyse vervreem het dat sy skuldeisers daardeur benadeel het en dat dit 'n daad van insolvensie daarstel soos beoog in artikel 8(c) van die Insolvensiewet.

Al sou ek ook fouteer in hierdie verband is die respondente klaarblyklik insolvent. Benewens die feite wat aangevoer is deur die applikante, blyk dit volgens die eerste tussentredende skuldeiser se eedsverklaring dat die respondente se totale bates sowat R13,8-miljoen beloop, teenoor haar verskuldigheid van ongeveer

R25-miljoen. In hierdie verband is die aanslag van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens ten bedrae van meer as R37-miljoen buite rekening gelaat.

Applikante het dus op 'n oorwig van waarskynlikhede ook die bepalings van hierdie artikel bevredig.

Bestaan daar rede om aan te neem dat respondente se sekwestrasie tot voordeel van skuldeisers sal strek?

Die laaste vraag is of daar rede bestaan om aan te neem dat dit tot voordeel van skuldeisers van die skuldenaar sal strek as haar boedel gesekwestreer word, soos bedoel in artikel 12(1)(c) van die Insolvensiewet. Volgens die stukke hierin geliasseer blyk hierdie by uitstek 'n geval te wees waar die kurator 'n ondersoek

moet instel na potensieel versteekte bates wat die respondente mag hê of bates wat oorgeplaas is na ander entiteite en wat te gelde gemaak kan word vir verdeling onder die skuldeisers. Indien die kurator dit spoedeisend en effektief doen, kan dit 'n beduidende hoër dividend vir skuldeisers beteken. Voorbeelde van sodanige bates wat 'n ondersoek verg blyk uit die eedsverklaring van die eerste tussentredende skuldeiser, naamlik vorderings van R11-miljoen gedurende die 2002-finansiële jaar, die lening van die respondente aan haar eggenoot van byna R14-miljoen en die verkryging van vaste eiendomme aan sekere trusts hierbo na verwys, ter waarde van etlike miljoene rande.

Insoverre hierdie Hof 'n diskresie het nadat voldoen is aan die bepalings van artikel 12 van die Insolvensiewet, meen ek dat laasgenoemde feite genoeg oortuigingskrag daarstel om my diskresie uit te oefen en te beveel dat hierdie boedel finaal gesekwestreer word tot voordeel van skuldeisers.

Wat die koste van opposisie betref, meen ek dat die opposisie redelik was in die omstandighede en dat mnr. Bosman, namens respondente, 'n positiewe bydrae gemaak het om dit vir die Hof te vergemaklik om tot 'n beslissing te geraak het. Daar was ook 'n versoek dat die koste van twee advokate, waar van toepassing, toegelaat behoort te word. Die stukke was lywig en omvangryk en verskeie regs vrae moes besleg word. Ek meen dat die versoek redelik is.

Wat die koste van die tussentredende skuldeisers betref, kan dit beïnvloed word deur 'n beslissing van die vraag of hulle *locus standi* gehad het om toe te tree, wat 'n argument op die meriete van hulle aansoeke sal noodsaak. Die reëling tussen die regsverteenwoordigers is dat verlof verleen word om hierdie Hof op 'n later stadium te nader vir 'n gepaste koste, indien daar byvoorbeeld nie 'n reëling tussen die partye in oorleg met die respondente se kurator getref kan word nie.

Bygevolg word die volgende bevel verleen:

1. Die bevel *nisi* word bekragtig en 'n finale bevel van sekwestrasie word uitgereik.

2. Die koste van sekwestrasie sal insluit:

- (a) Die koste wat by die vorige geleenthede oorgestaan het om later besleg te

word.

(b) Die koste in Aansoek Nr. 2685/02.

(c) Respondente se koste van die opposisie van hierdie aansoek.

(d) Die koste van twee advokate, waar van toepassing.

3. Wat die koste van die tussentredende skuldeisers betref, word verlof aan hulle verleen om, in die afwesigheid van die bereiking van 'n reëling met die kurator, hierdie Hof te nader vir 'n gepaste kostebevel.

S.P.B. HANCKE, R

Namens Applikante: Adv. M.M.W. van Zyl i.o.v. Symington & De Kok

-

Namens Respondente: Adv. A.J.H. Bosman Bygestaan deur: Adv. K. Swanepoel i.o.v. Rossouws Prokureurs

-

Namens 1ste - 4de Tussentredende Schuldeisers Adv. C.J. van Coller : i.o.v.
Symington & De Kok

-

Namens 5de Tussentredende Schuldeiser: Mnr. Cyril Ziman i.o.v. Cyril Ziman &
Vennote

Namens die Voorlopige Kurator: Adv. P. Zietsman i.o.v. Naudes